

Soos *R. erosa* is ook dié karee droogte- en rypbestand, immergroen en skaduryk. Die sade kiem maklik en die boom groei redelik vinnig.

#### *Rhus leptodictya* (bergkaree)

Die bergkaree kom in 'n verskeidenheid van groeiplekke (habitate) voor van Noord-Kaap en verder noord tot in Malawi. Die groeivorm van die bergkaree herinner sterk aan dié van *R. lancea* maar word selde hoër as 6 m. Die blare is ligter van kleur as dié van *R. lancea* en ook korter en breër, terwyl die blaarrande getand is. Die klein afgeplatte vruggies word bruin tot geelbruin van kleur in die laat somer en herfs wanneer dit ryp word. Enkele voëlsoorte eet die vrugte wat deur sommige swart volke gebruik word om mee bier te brou.

As tuinboom is die bergkaree besonder geskik, aangesien dit goed in 'n groot verskeidenheid grondsoorte aard. Die boom groei maklik van saad en is droogte- en rypbestand, immergroen en groei vinnig.



#### BIBLIOGRAFIE

- Direktoraat Bosbou 1983. Boom van die jaar Pamflet 304.
- FOX, F.W. & NORWOOD YOUNG M.E. 1982. *Food from the veld*. Johannesburg: Delta Books.
- PALGRAVE, K.C. 1977. *Trees of Southern Africa* Kaapstad: Struik.
- PALMER, E. & PITMAN, N. 1973. *Trees of Southern Africa II*, Kaapstad: A.A. Balkema.
- VENTER, M.J.T. 1976. *Bome en struik van die Oranje-Vrystaat*. Bloemfontein: P.J. de Villiers
- VON BREITENBACH, F. 1974. *Suid-Kaapse bosse en bome*. Pretoria: Staatsdrukker.

---

## ORIBATEI

Mev. L. Coetzee

Daar is min diergroepe waarin daar so 'n verskeidenheid van vorm, habitat en lewenspatrone voorkom as in die Acari (myte). Hierdie diertjies kom oral voor: in droë en nat gebiede, in die grond of in die water en op diere, mense en plante. Sommige is parasiete en ander is weer heeltemal onskadelik en selfs nuttig.

Die Acari sluit onder andere die Oribatei (grondmyte) in. Hulle kom oor die hele wêreld voor en verteenwoordig meer as 8 000 spesies.

Die lengte van 'n grondmyt wissel van 0,2 mm tot 1,3 mm. Dit het 'n harde omhulsel wat as belangrike beskerming teen meganiese besering



*Oppia alfonсии* (400 keer vergroot).



**Cepheus pegazzanoae (100 keer vergroot).**

(Fotos: Notulae Oribatologicae, Fabio Bernini)

en uitdroging dien. Die liggaam kan in twee dele verdeel word, naamlik 'n propodosoma en 'n hysterosoma. Eersgenoemde huisves die monddede, 'n aantal sensoriese haartjies en ligsensitiewe organe. Die hysterosoma bevat ook sensoriese haartjies op die oppervlak, asemhalingsorgane, geslagsorgane en spysverteringskanaal. Die Oribatei het agt geledede pote, wat elk uit 4-5 segmente bestaan. Aan die punt van elke poot kom daar een tot drie kloutjies voor.

Die lewensiklus bestaan uit 'n eierstadium, twee larwestadiums en drie nimfstadiums waarna die volwassene te voorskyn kom. Die tempo van ontwikkeling wissel van soort tot soort, en is afhanklik van temperatuur, vogtigheid en die beskikbaarheid van voedsel. Die ontwikkeling vanaf die eierstadium tot die volwassene kan wissel van  $\pm 5$  maande tot een jaar.

Oribatei is nie parasities nie, en kom in die boonste dun grondlaag voor. Soms beland hulle op plante, maar rig meesal geen skade aan nie. Daar is ook 'n klein groepie wat waterlewend sowel as landlewend is, en kom in vars- of seewater voor.

Die hoofvoedselbron van die Oribatei is dooie verrottende plantmateriaal, fungi en soms ook nematodes. Hulle belangrikste funksie is hulle optrede as meganiese afbrekers van verrottende organiese materiaal. Dit is 'n noodsaaklike stap in die sirkulasie van grondstowwe. Deur hulle voeding het die Oribatei 'n direkte invloed op die

tempo van afbreking van organiese materiaal in die grond. Om hierdie funksie doeltreffend te vervul, kom hulle in groot getalle voor.

Dit is baie eenvoudig om Oribatei te versamel. Die boonste humusryke grondlaag ( $\pm 2$  cm) word met behulp van 'n klein grafie in 'n plastiëksakke of bakkie geskep. In klam grond by baie plante sal daar 'n groter konsentrasie grondmyte wees. Die myte word uit die grond onttrek deur middel van 'n Berlese tregter. Dit is 'n tregter wat voorsien is van 'n sifrakkie waarop die grond geplaas word. Die grond word twee dae lank met 'n 45 watt-gloeilamp op 'n afstand van  $\pm 20$  cm belig. Die hitte van die gloeilamp droog die grond van bo af uit, die myte beweeg weg van die uitdroging en lig, val deur die sif en beland in 'n klein botteltjie onder die tregter.

Klein insekte en grond val saam met die myte deur die sif. Die Oribatei word onder 'n stereomikroskoop uitgesoek en met behulp van 'n baie fyn kwassie hanteer. Daarna word 'n tydelike preparaat gemaak met behulp van 'n holteglasie, 'n dekglasie en gliserien. Nou kan die Oribatei onder 'n navorsingsmikroskoop bestudeer word. Die eksimplare word in 'n klein botteltjie in 'n mengsel van alkohol en gliserien bewaar. Saam met die etiket word dit dan in 'n groter botteltjie geplaas. Op die etiket word die monsternommer, die naam en getal aangebring. Ander inligting in verband met die eksimplaar, naamlik lokaliteit, habitat, versamelaar en datum, word op 'n aparte kaart aangeteken.

Aan die Nasionale Museum is dit die taak van die departement Akarologie om die Oribatei van Suid-Afrika te bestudeer en nuwe soorte te beskryf. Daar word ook gepoog om 'n verteenwoordigende versameling oor die hele Republiek op te bou. Omdat die Oribatei in 'n groot mate kosmopolitaans is, is dit noodsaaklik om literatuur van Akarologie oor die hele wêreld te bestudeer om te bepaal of 'n spesifieke myt reeds beskryf is al dan nie. Dit is 'n nimmereindigende taak, omdat daar voortdurend nuwe spesies gevind word. Sowat 80% van die Suid-Afrikaanse Oribatei wat versamel word, is nuwe soorte. Selfs in lande waar die grondlewende mikrofauna reeds goed bestudeer is, word nuwe spesies steeds ontdek.

